# Saamloop of volg: Jesus leer ons die verskil

***Lukas 9:57-62***

Jesus is op pad na Jerusalem.

As Seun van God weet Hy wat daar vir Hom wag. Dit begin met "*Hosanna, geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here*", maar 'n paar dae later word dit "*Kruisig Hom!*"

Tog gaan Jesus Jerusalem toe. Want daarvoor het Hy gekom. Baie mense gaan saam met Hom. Hulle het hulle eie idees oor wat moet gebeur, maar weet nie regtig wat gaan plaasvind nie. Tog wil hulle dit alles graag saam met Jesus beleef. Daarom gaan hulle saam.

Tussen "saamgaan" en "volg" is daar 'n verskil. Om Jesus te volg vra meer van jou as om met Jesus saam te gaan, saam te loop.

Tussen "saamgaan" en "volg" is daar 'n verskil. Om Jesus te volg vra meer van jou as om met Jesus saam te gaan, saam te loop.



In die drie verskillende ontmoetings wat in hierdie Bybelgedeelte beskryf word, maak Jesus duidelik wat nodig is as jy Hom wil volg.

## Volg is om te volg op die kruisweg

Iemand kom na Jesus toe met die hartverwarmende woorde: Ek wil U volg, waar U ook al gaan. Dit is 'n belydenis sonder reserwes. Dit is pragtig as 'n mensekind so iets kan sê!

Dit beteken mos dat jy gesien het dat Jesus alles is, en dat Hy aan jou alles kan gee wat jy as mens kan nodig kry.

Maar dit lyk of Jesus sê: ja, stadig 'n bietjie. Weet jy waarmee jy begin? Jy sê nou wel: "waar U ookal heengaan sal ek U volg", maar jy weet nie naastenby wat dit beteken nie. Die jakkalse het gate, en die voëls het neste. Die jakkals, uitgeworpene onder die diere, het 'n plek waar hy "tuis" is, en selfs die voëls waar niemand na omsien nie, het hulle tak en hulle nes. Maar die Seun van die Mens het nie 'n plek om sy kop neer te lê nie.



Jesus wys op sy naderende lyding, wanneer daar met die kruis uiteindelik gesê sal word: ons wil Hom nie hier hê nie, Hy hoort nie hier nie.

Die meelopers sal op daardie kritieke oomblik eenkant toe staan; volgelinge sal self ook op die kruisweg gaan.

In die geskiedenis van die kerk en wêreldwyd, het miljoene mense die waarheid van hierdie woord in hulle eie lewe ervaar. En hulle het nie teruggedeins nie, omdat hulle in Jesus hulle een en ál gevind het;



hulle heil, hulle lewe.

Maar, sê Jesus, jy moet eers hierdie werklikheid besef.

## Om te volg is om te kies

Jesus roep ‘n ander een: Volg My.

Met die krag van die genade spreek Hy sy woord, en waar die krag gevoel word, besef jy dat jy tot ’n keuse gedwing word.

...daar is ’n dringendheid by die saak van die Koninkryk van God, dit kan nie uitgestel word nie.

Hy wil die lewe skenk en nooi mense uit tot die lewe deur te sê: Volg My. Maar dan word daar gesê: Ek wil U volg, maar laat my eers toe om my vader te begrawe (Luk 9:59).

Dit is moeilik om ‘n keuse te maak uit die verskillende verklarings van die teks. Een ding is egter duidelik: hierdie mens wil nog ‘n bietjie uitstel. Ek wil U volg, maar nog nie nou dadelik nie. Daar is nog soveel ander dinge wat ek moet doen... Ons wil nie regtig sê dat dit vir ons belangriker is as om Jesus te volg nie, maar die ander dinge kom tog eerste. Om Jesus te volg moet nog maar eers bietjie wag.

Jesus maak met gesag duidelik dat Hy die Heer is van die lewe en die lewendes: laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar jy, gaan jy en verkondig die Koninkryk van God.

Meelopers bepaal self hulle prioriteite, volgelinge sal hulle in hul keuse deur Jesus laat lei.

Dit beteken iets soos: daar is `n dringendheid by die saak van die Koninkryk van God, dit kan nie uitgestel word nie. Dit beteken ook iets in die lyn van: wat kom eerste in jou lewe, wat kies jy?

Meelopers bepaal self hulle prioriteite, volgelinge sal hulle in hul keuse deur Jesus laat lei.

## Om te volg is om doelgerig te wees

Daar was nog ‘n derde een. Hy (of sy) kom na Jesus toe en dit lyk of hy verstaan het wat Jesus bedoel. Hy wil die gevolge aanvaar. Hy wil die keuse maak. Hy vra maar net toestemming vir ‘n woord van afskeid.

En dan sê Jesus: as jy besig is om te ploeg maar agtertoe kyk, sal dit nie goed gaan nie. En as jy een is wat so maak, dan is jy nie geskik vir die koninkryk van God nie.

Wie so maak is soos die vrou van Lot. Terwyl haar lewe voor haar gelê het en sy daarheen moes haas en haar daarop moes rig, bly sy staan by dit wat sy in Sodom gehad het, en daarom het sy versteen. Saamlopers sal ook steeds hulle aandag bepaal op die dinge wat langs die pad te sien is of op dit wat jy agterlaat. Volgelinge rig hulle aandag op die doel wat voor hulle is, soos Jesus ook gedoen het. Hy het Jerusalem toe gegaan, wetende wat op Hom wag.

Wie vir Jesus wil volg, moet Hom ook hierin navolg: hy moet die oog gerig hou op wat nog gaan kom. Op die heerlikheid wat verwerf is deur die Heiland wat sy lewe gegee het as soenoffer vir ons ongeregtighede.



Maar Hy kon verder sien as die kruis. Hy het al die heerlikheid gesien wat voor Hom is, om aan die regterhand van God, die Vader te sit. Daarop het Hy sy oog gerig.

Wie vir Jesus wil volg, moet Hom ook hierin navolg: hy moet die oog gerig hou op wat nog gaan kom. Op die heerlikheid wat verwerf is deur die Heiland wat sy lewe gegee het as soenoffer vir ons ongeregtighede.

W van 't Spijker

© 2017
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Alet du Plessis vertaal.*